*Woensdag* **29 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 1**

**Fokusgedeelte: Romeine 1:8**

**Wat ’n vreugde as die mense oor jou geloof begin praat!**

Paulus begin sy brief aan die gemeente in Rome met die gebruiklike aanhef en groeteboodskap. In sy woorde kan ’n mens sommer met die eerste oogopslag sien dat daar vir die apostel baie is om oor dankbaar te wees. Allereers wil Hy God deur Jesus Christus loof en dank dat die hele wêreld nie net gehoor het van die geloof van die gemeente nie, maar veral ook daaroor praat.

Wat ’n mooie getuienis is dit nie vir hierdie groepie gelowiges nie! Ja, strategies was Rome ’n baie belangrike stad. Dit was die hoofsetel van die wêreld. Soveel mense het na hierdie stad gestroom, so baie handelsroetes het hierheen gelei en vanuit hierdie stad is die toon aangegee. Dit was ’n stad met ’n mengelmoes van kulture, volke en nasies, ’n stad met wyd uiteenlopende godsdienstige voorkeure, ’n stad só ryp en gereed vir die saad van die evangelie. Heerlik om te sien hoedat God sy kerk versorg en opbou, nie waar nie? Ja, deur hierdie klein groepie gelowiges word die helder brandende fakkel van God se Woord die donker wêreld ingedra.

Die reaksie? Gaan luister maar wat sê die mense op die strate en markpleine. Almal praat oor die “nuwe” godsdiens. Almal praat oor daardie groepie mense se geloof in Jesus Christus. Kan u daarom verstaan waarom Paulus so dankbaar is? Kan u daarom verstaan waarom Hy sy God loof en prys soos die psalmdigters van ouds?

Die vraag aan u en my, en dan veral in die tyd waarin ons leef, is: Praat die mense nog oor ons geloof? Is ons soos lewende briewe waarin die wêreld kan lees van die verlossende heerskappy van ons Here? Gaan daar vanuit ons gemeentes en huise ook so ’n kragtige getuienis na buite toe uit? Sou die apostel Paulus God ook kon dank vir ons geloof wat sigbaar word in ons geloofsdade? Wat ’n vreugde as ons hierop “ja” kan antwoord! Mag God deur sy Heilige Gees ons meer en meer daartoe help.

*Sing: Psalm 92-1:2*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*